

DIE SKIETLOOD

Uitgawe 124 - 10 November 2017
saam met Koersvas 123



NGB Artikel 14

Die teks van hierdie artikel lui as volg:

DIE SKEPPING VAN DIE MENS, DIE SONDEVAL EN DIE GEVOLGE DAARVAN

Ons glo dat God die mens uit die stof van die aarde geskep het; Hy het hom volgens sy beeld en gelykenis gemaak en gevorm, dit wil sê goed, regverdig en heilig sodat hy met sy wil in alles met die wil van God kon ooreenstem. Maar toe hy in aansien was, het hy dit nie verstaan nie en sy uitnemendheid nie besef nie. Hy het homself egter, deur na die woord van die duiwel te luister, willens en wetens aan die sonde en daarmee aan die dood en die vervloeking onderwerp. Hy het immers die gebod van die lewe wat hy ontvang het, oortree en homself deur die sonde losgeskeur van God, wat sy ware lewe was; so het hy sy hele natuur verderf en daarmee die liggaamlike en geestelike dood verdien. Hy het deur dat hy in al sy doen en late goddeloos, verkeerd en verdorwe geword het, al sy voortreflike gawes wat hy van God ontvang het, verloor en hy het niks anders daarvan oorgehou nie as slegs klein oorblyfsels, wat egter genoegsaam is om hom alle verontskuldiging te ontnem. Al die lig wat in ons is, het immers in duisternis verander, soos die Skrif ons leer: En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie' (Johannes 1:5), waar die heilige Johannes die mense duisternis noem. Daarom verwerp ons alles wat in stryd hiermee oor die vrye wil van die mens

geleer word, aangesien die mens niks anders as 'n slaaf van die sonde is nie en: 'n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie' (Johannes 3:27). Want wie is daar wat daarop sal roem dat hy uit homself iets goeds kan doen, terwyl Christus sê: 'Niemand kan na My kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie' (Johannes 6:44)?

Wie sal op sy eie wil roem as hy verstaan dat '...wat die vlees bedink, vyandskap teen God is' (Romeine 8:7)?

Wie sal op sy eie kennis roem as die natuurlike mens die dinge van die Gees van God nie aanneem nie (1 Korintiërs 2:14)?

Kortom: Wie sal ook maar op 'n enkele gedagte roem as hy verstaan dat ons uit onself nie bekwaam is om iets as uit onself te bedink nie maar dat ons bekwaamheid uit God is (2 Korintiërs 3:5)? Daarom is dit reg dat wat die apostel sê, onwrikbaar bly, want dit is God wat in julle werk. Hy maak julle gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer (Filippense 2:13).

Want daar is geen verstand en geen wil in ooreenstemming met die verstand en die wil van God as Christus dit nie in die mens tot stand gebring het nie. Dit leer Hy ons as Hy sê: 'Sonder My kan julle niks doen nie'

Die Nederlandse Geloofsbelydenis beweeg nou na die mens en die mens se skuld sover dit verganklikheid en die gebroke wêreld betref. In wat volg, gaan daar soos gebruiklik eers die NGB

bewoording gestel word in **vetdruk** en daarna die bespreking gegee word.

Ons glo dat God die mens uit die stof van die aarde geskep het; Hy het hom volgens sy beeld en gelykenis gemaak en gevorm, dit wil sê goed, regverdig en heilig sodat hy met sy wil in alles met die wil van God kon ooreenstem.

Die eerste term wat van nader beskou moet word is die mens geskep na die “beeld van God”. Daar is al baie daarvoor geskryf en dit was een van die temas wat

verdelende gesprek binne die NHKA tot gevolg gehad het. Die volgende studiestuk het in daardie tyd verskyn en dien nou vermeld te word, nie meer as polemiese geskrif teen die NHKA nie, maar as getuienis ten opsigte van ‘n Bybel-gefundeerde verstaan van die term. Daarna sal daar nuwe perspektiewe aangebied word wat die saak verder beredeneer.

Studiestuk aangebied in 2010 aangaande die gedagte dat menslike optrede “die beeld van God in die mens kan skaad”.

Die mens as beeld van God

Met Besluit 54 het die NHKA aanvaar dat die beeldskap van God ‘n eienskap van of ten minste iets **in** die mens is. Dit word duidelik uit die bewoording van beskrywingspunt 54 waar gestel word: “*Die Kerk verwerp sy goedkeuring van apartheid omdat dit ... * die beeld van God in mense aantast.*” Hierdie besluit sê baie duidelik dat die beeldskap van God ‘n aantastbare iets is en dat dit iets **in** die mens is. By implikasie beteken dit dat die beeldskap van God in alle mense te vinde is.

Die skepping en die mens as beeld van God

Genesis 1:26-27 sê: “*God het gesê: ‘ Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers...*” en : “*God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep...*” Verder het God volgens Genesis 1:28 vir die mens ‘n baie spesifieke opdrag gegee: “*Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see...*” Dit gaan nie oor die vraag of die mens die beeld van God is nie – dit word algemeen aanvaar. Wat wel aandag verg, is hoe die mens God se beeld is en wat dit beteken.

In die Hebreeuse teks is die woorde “בצלמנו” (“**b’tselemnu**”: “as ons beeld/skadu”) en “כדמותנו” (“**kidmutenu**”: “na/volgens ons gestalte”) belangrik want hulle verduidelik die beeldskap van God. Prof van Selms het in ag geneem dat “tselem” die verdere betekenis van “donkerte” het. Daarom het hy die beeldskap van God so verduidelik: die mens is God se skaduwee op aarde. ‘n Skaduwee is egter net skaduwee solank as wat sy skadugewer bestaan, en solank hy aan daardie skadugewer vas is. Dit gaan oor die verhouding waarin God ons geplaas het – teenoor Homself en teenoor die skepping. Daar waar die mens sy verantwoordelikheid teenoor God en die skepping volgens die wil van die Here nakom, daar is hy die beeld van God. Ons is bedoel om

God se 'voorman' op aarde te wees – ons moet sy werk doen soos Hy dit gedoen wil hê.

Die mens doen dit egter nie, want hy is sonbaar. Ons dink maklik dat die beeldskap van God ons reg is, met ander woorde, dat ons beeldskap van God 'n menslike eienskap of 'n tipe ingebore kwaliteit is, iets wat ons besit. Dit is egter nie wat die Bybel sê nie. Die korrekte gevolgtrekking is dat God ons na Sy beeld gemaak het om ons met ons skeppingsopdrag te help. God het ons (sy skaduwee) volgens sy beeld gemaak om te heers soos die Here dit wil hê. Ons is wat ons is as gevolg van God, en ons het 'n opdrag as gevolg van God.

Die sonde en die mens as beeld van God

Die Satan het vir die mens gesê hulle "...sal...soos God wees deurdat julle alles kan ken." Die Bybel teken die mens as iemand wat probeer om self God te wees. Die skaduwee probeer homself van sy Skadugewer losmaak. Dit het altyd smartlike gevolge.

Die mens heers nie soos hy moet nie. Die sonde vervreem die mens van God. Hy leef nie soos God bedoel het dat hy moet leef nie. Anders gestel, hy is nie verteenwoordiger of beeld soos God van hom verwag nie.

Christus en die mens as beeld van God

Die trouelose en ongehoorsame optrede van die mens het egter nie veroorsaak dat God ontrou word nie. God is anders as die mens. God sluit met die mens 'n verbond ten spyte van wie die mens is. Hy laat die mens nie alleen nie.

Die grootste genade wat God aan ons bewys het, is dat Hy Sy Seun, Jesus Christus, op die aarde laat mens word het. God kom self na ons toe. In Christus is vergewing van sonde en die verlossing van die dood. In Christus is redding vir die mens, want Christus is die beeld van God (2 Korintiërs4:4 en Kolossense1:15). Hy is die Middelaar wat weer vrede tussen ons en God bring. Deur geloof in Hom word ons herskep, deur die Gees, na die beeldskap van God.

Gevolgtrekking

Besluit 54 verstaan die beeld van God as iets wat:

- in mense is, dus 'n menslike eienskap (*habitus*),
- aantastbaar is deur 'n menslike instelling of wet of beleid,
- deur apartheid aangetas is.

Dit is onmoontlik dat 'n beleid, wet, besluit of staatsvorm die beeldskap van God aantast vir volgende redes:

- dit is nie 'n menslike eienskap van die mens dat God in die mens is nie en die beeld kan gevolglik nie aangetas word nie;

- dit (beeldraer wees) is nie iets van die goddelike **in** die mens is nie want daar is **niks goddeliks in die mens nie**;

Dit gaan in die beeldskap om die verhouding tussen God en mens. Die mens kry 'n opdrag van God om te 'heers'. As gevolg van die sonde misluk die mens totaal.

Besluit 54 weerspieël die teologie en die trant van die *status confessionis* wat die WARC in 1982 aanvaar het. Dit spreek van **bevrydingsteologie** en is strydig met die NHKA se (en die Reformatoriese) leer.

Die polemiese aard van hierdie aanhaling moet in gedagte gehou word. Dit het gefokus op die vreemde gedagte dat die "beeld van God in die mens" is en dat hierdie "beeld van God in die mens" deur ons optredes geskaad kan word. Die regstelling in hierdie geskrif moet aangevul word met 'n Reformatoriese verstaan van die konsep dat die mens **na die beeld van God** geskep is.

God rond die skeppingswerk af deur 'n persoonlike stempel daarop af te druk, God het dit gedoen deur die mens na Sy beeld te skep. God het die mens uit die stof gevorm en self die lewensasem in die mens ingeblaas – dit maak die mens (**לִנְפֹשׁ חַיָּה – Genesis 2:7**) lewende wese / lewende siel (**נֶפֶשׁ – nephesh - neh'-fesh** dit beteken 'n wese wat asem haal, lewenskrag en **חַי – chay - khah'ee** wat verwys na lewe, krag). Dit beteken ook dat die mens uniek is in die skepping. Die mens is beeldraer van God (met alles wat dit beteken) en nie produk van toevallige evolusionêre prosesse nie.

Hierdie punt moet altyd in gedagte gehou word; ons is uniek, die kroon van die skepping, skaars minder as die engele (Psalm 8). Die mens is anders as die ander skepsels en staan in 'n spesiale verhouding met God. Alvorens die impak van die sondeval bespreek word, moet ons eers die betekenis van die term tydens die skepping navors.

Die volgende word aangebied met erkenning aan "gotquestions.org" en ander bronne van inligting. Op sy eenvoudigste beteken beeld van God (*Imago Dei*) dat ons na God moet lyk. Die beeld van iets lyk soos daardie iets. Beeld van God (*Imago Dei*) beteken dat ons op sekere maniere, op sekere vlakke aan God herinner. Die eerste opmerking moet wees dat ons nie hierdie opmerking in die fisiese moet laat opgaan nie – om bloot fisies na God te lyk nie. Ons aanvaar dat ons nie bloot in vlees en been soos lyk God nie. God is Gees – Johannes 4:24 "*God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid.*" Adam het wel aan God herinner in die sin dat hy absoluut gesond was en dat hy onsterflik was. Sy status as beeldraer het dit ook vir hom moontlik gemaak om met God te kon praat en bly lewe (Eksodus 33:20 "*Verder het Hy gesê: Jy kan my aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie.*") Die mens se fisiese kan nooit verstaan word as die bepalende ten opsigte van sy beeldskap nie. Nie net is die mens onderverdeel in manlik en vroulik nie, maar die mens deel ook baie fisiese ooreenkomste met diere, wat insluit hart, vel en bloed. Navorsing het aangetoon dat 'n groot persentasie van die mens se DNS ooreenstem met diere, en tog is die mens uniek aangedui as

beelddraer. Dit is nie in ons liggame wat ons die beeldskap terugvind nie. Tog kan ons die fisiese dimensie nie verwerp nie. Jesus het op die bestemde tyd ware mens geword. **Jesus is ware mens EN ware God.** Sy heilswerk het in hierdie fisiese dimensie geskied. Ons moet met ander woorde stel dat daar op 'n sekere fisiese vlak iets van die mens as beelddraer verstaan moet word, maar ons weet nie eens naastenby waar of hoe om dit aan te dui nie.

Imago Dei is die tegniese term wat verwys na die totaliteit van die mens as beelddraer van God. Ons moet die mens nie in sy bestaan in onderdele probeer skei nie, ons moet die hele wese in ag neem naamlik fisiese- en geestelike dimensies van die mens. Dit is 'n uitsonderlike, unieke voorreg wat **net aan die mens toegeken** word. Dit is daardie dimensies wat die mens anders maak as diere, wat maak dat die mens die opdrag het om te heers oor die skepping en dit vir mense moontlik maak om met God te kommunikeer. Om dit anders te stel, die mens se beeldskap het tot gevolg dat die mens kan heers oor die skepping. Die mens se beeldskap rus hom toe om te kan heers. Dit is nie 'n toevallige situasie nie. God het in selfgesprek (interne monoloog) besluit om die mens na Sy beeld te maak. Die *Imago Dei* is 'n wilsbesluit van God. Hierdie *Imago Dei* het geestelike, morele en sosiale implikasies:

Op geestelike terrein (verstandsvlak) moet ons kennis neem dat die mens geskep is met die vermoë om te kan redeneer en keuses te kan maak. Dit herinner aan God se intellek en vryheid. Die mens wat op hoër vlak besig is (dink, skryf, skep, beredeneer, treur), is besig om hierdie beeldskap te realiseer.

Op morele vlak verwys beeldskap daarna dat die mens in geregtigheid en suiwer onskuld gebore is. Geregtigheid en heiligheid wys die mens heen na God se heiligheid. Daar is diegene wat ons gewete of morele kompas as 'n oorblyfsel van daardie aspek van die *Imago Dei* aandui.

Op sosiale vlak verwys die *Imago Dei* daarna dat die mens as gemeenskaps-wese geskep is. Die gemeenskapsaard van die mens dui op beeldskap met verwysing na God se trinitariese aard en God se liefde. In die tuin van Eden was Adam se primêre verhouding met God. God het toe reeds die gemeenskapsaard van die mens raak opgesom deur te sien dat Sy skepping (mens) alleen was en het toe Adam se geselskap uit sy ribbebeen geskep.

Die mens (Adam en Eva) was in geregtigheid geskep, met die reg en die vermoë om te kan kies. Net 'n waarskuwing; die vermoë om te kan kies kan nie reduceer word tot die verstaan van *Imago Dei* nie, die Satan kon ook kies, het teen God gekies en word tog anders as die mens hanteer in die Bybel. Die mens het hierdie keuse misbruik om teen sy eie aard (heilig en in gemeenskap met God) te kies en **God te wil word** in ongehoorsaamheid. Dit het tot gevolg gehad dat die mens se beeldskap uitermate geskend is en daardie selfopgelegde mismaaktheid word aan elke nuwe geslag oorgedra (Romeine 5:12 "Verder nog dít: Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het."). Na die sondeval is die mens op onverklaarbare wyse steeds wese waarna gewys kan word as *Imago Dei* (Jakobus 3:9 "Met die tong loof ons

die Here en Vader, en met die tong vloek ons die mense wat as die beeld van God gemaak is”.) maar daarmee saam blyk die littenekens van die sondeval duidelik (Romeine 7:22-24 “*Diep in my wese vind ek vreugde in die wet van God, maar ek vind in my doen en late 'n ander wet, wat stryd voer teen die wet van my gees. Dit maak my 'n gevangene van die wet van die sonde wat in my doen en late aan die werk is. Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?*”) Uit hierdie en ander teksverse is dit duidelik dat enige gesprek oor die konsep van die mens as beeldraer van God nie net vanuit die Ou Testament beredeneer moet word nie. Uit die gegewens in die Nuwe Testament oor hierdie saak kom John Piper¹ tot die volgende gevolgtrekkings:

1. Ten gronde is dit duidelik dat die Nuwe Testament veronderstel dat die mens na die sondeval op 'n manier hierdie beeldskap behou het. Hierdie saak word gebruik om gelowiges te vermaan.
2. Sentraal tot Paulus se denke is dat die mens wat vernuwe, word die beeld van God ontvang.
3. Jesus is die beeld en volheid van God en mense ontvang die beeld van

God deur te deel in dit wat Christus is. .

4. Die beeld van God wat Christene ontvang, is werklik, maar word net gedeeltelik in hierdie lewe besit.
5. Om die beeld van God deur Christus te ontvang beteken om te deel in Sy heerlijkheid, kennis, geregtigheid en heiligheid. Dit beteken om Jesus gelyk te word.
6. Die Christen se lewe is 'n proses van al hierdie goeie eienskappe verwerf.
7. Die beeld van God in die huidige werklikheid is 'n geskenk van God wat deur die Heilige Gees in die mens bewerkstellig word deur die lig van die Evangelie van Jesus Christus.

Uit al hierdie inligting word dit duidelik dat daar geen finale antwoord oor die aard en omvang van beeldskap gestel kan word nie. Wat wel waar is, is dat die mens na die beeld van God geskep is, dat die sondeval hierdie beeldskap geskend het en dat Jesus se koms hierdie situasie in ere herstel het; al het dit nie ten volle realiseer op hierdie stadium nie.

In die volgende uitgawe volg verdere kommentaar op Artikel 14.

¹ www.desiringgod.org/articles/the-image-of-god